Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

OVERSIGHT REPORT REGARDING THE 2010/2011 ANNUAL REPORT OF SWARTLAND MUNICIPALITY

1. OBJECTIVE

To submit to Council, in terms of Section 129 of the MFMA, the Oversight Report on the Annual Report, covering Swartland Municipality in respect of the 2010/2011 financial year.

2. BACKGROUND

2.1 Annual Report

The 2010/2011 Annual Report was tabled in Council on 26 January 2012, reporting on the municipality's performance for the period 1 July 2010 until 30 June 2011.

By doing so, Council complied with section 133 of the MFMA which stipulate that the Executive Mayor must table the Annual Report in Council within 7 months after the end of the financial year, i.e. by the end of January 2012.

The Council of Swartland Municipality is furthermore required to engage with, and finalise the Annual Report within 9 months after the end of the financial year, which is before 31 March 2012.

The process for the finalisation and approval of the 2010/2011 Annual Report is set out in the table below:

Activity Description	Provision	Target
Preparation of annual financial statements of the municipality and submission to the Auditor-General	MFMA Section 122(1)(2)	31 August 2011
Receipt of final audit report from Auditor-General	MFMA Section 126(3)(b)	30 November 2011
Tabling of Annual Report in Council by Executive Mayor	MFMA Section 127(2)	26 January 2012
Allowing for comment by community and relevant state organs	MFMA Section 127(5)(a) & (b)	1 February 2011 until 2 March 2012
Corrective actions to AG's opinion formulated and tabled in Council	MFMA Section 121(3)(g)	26 January 2012
Consideration and adoption of Annual Report and Oversight Report	MFMA Section 129(1)	29 March 2012

Activity Description	Provision	Target
Submission of Annual Report and Oversight Report to AG, Provincial Treasury and MEC: Local Government	MFMA Section 129(2)(b)	5 April 2012
Communication of final Annual Report / Oversight Report (website, hard copies and other mediums)	MFMA Section 129(3)	5 April 2012

2.2 Oversight Report

The adoption of the Oversight Report is the final major step in the annual reporting process of a municipality. Section 129 of the MFMA requires the Council to consider the annual reports of its municipality and to adopt an "oversight report" containing the Council's comments.

The oversight report must include a statement whether the Council:

- has approved the annual report, with or without reservations;
- has rejected the annual report; or
- has referred the annual report back for revision of those components that can be revised.

National Treasury issued Circular 32 on 15 March 2006 (see attached) on the preparation of oversight reports and provides guidelines on the processes to be followed in the adoption of the Oversight Report to which this report conforms.

The Oversight Report is a separate product from the Annual Report. The Annual Report is submitted to the Council by the Accounting Officer and the Executive Mayor and is part of the process for discharging accountability by the executive and administration for their performance in achieving objectives and goals set by the municipality in the relevant financial year. The Oversight Report follows consideration and consultation on the Annual Report and is considered to be a report of the municipal council.

After tabling of the 2010/2011 Annual Report on 26 January 2012, in line with Section 127(5) of the MFMA, Swartland Municipality allowed for public comments regarding the 2010/2011 Annual Report from 1 February until 2 March 2012.

The Annual Report was made available on Council's website, as well as at all (6) municipal offices and nine other venues in the municipal area. In addition, the Annual Report was made available to the following offices:

- The Office of the Auditor-General
- The Provincial Treasury
- The MEC for Local Government.

The accounting officer (Municipal Manager) of Swartland Municipality attended all council meetings where the Annual Report was discussed, i.e. on 26 January 2012. A copy of the minutes of this meeting is appended to this report as Annexure B[1]. A copy of the minutes of an Oversight Committee meeting held on 14 March 2012, which was also attended by the accounting officer, is also attached to this report as Annexure C.

[1] Refer paragraph 5.2 of Annexure B

3. KEY COMMENTS AND RESPONSES

Circular 32 of the National Treasury recommends that the summary of key issues raised by the community, Auditor-General and other spheres in government, be detailed in the Oversight Report. In addition the Circular proposes that responses to questions raised in written representations be captured in the Oversight Report. This section summarises the key questions and comments from the Auditor-General, the municipality's audit committee, the Council, as well as the responses by the Municipality's Executive Management.

3.1 The Auditor-General's Management Letter and Response by Management

3.1.1 Audit opinion

Ad paragraph 7 of the Auditor-General's Management Letter:
In my opinion, the financial statements present fairly, in all material respects, the financial position of the Swartland Municipality as at 30 June 2011, and its financial performance and cash flows for the year then ended in accordance with SA Standards of GRAP and the requirements of the MFMA and DoRA.

The previous year council also received a unqualified audit report but the Auditor-General mentioned some other matters.

This year **no other matters** were found by the Auditor-General and as such council received a clean audited report.

3.2 Key comments: Community and Organs of State

No comments were received from the community, the Provincial Treasury and the MEC for Local Government.

3.3 Key comments: Oversight Committee (including members of External Audit Committee)

Minutes of oversight committee meeting held on 14 March 2012 appended as Annexure C.

3.4 Key comments: Council

Minutes of Special Council meeting held on 29 March 2012 appended hereto as Annexure D.

4. LEGAL AND CONSTITUTIONAL IMPLICATIONS

The 2010/2011 Annual Report and Oversight Report have been prepared in compliance with the provisions of the Municipal Systems Act and the Municipal Finance Management Act, and conform to the guidelines in Circular 32 issued by National Treasury.

5. COMMUNICATIONS IMPLICATIONS

The full text of the 2010/2011 Annual Report and Oversight Report will be distributed to the MEC of Local Government, Provincial Treasury, the Auditor-General and Provincial Legislature. The full text will also be published on Swartland Municipality's website.

IT IS RECOMMENDED TO COUNCIL ON 29 MARCH 2012

(a) That Council, having considered the 2010/2011 Annual Report of Swartland Municipality, adopts the Oversight Report in terms of section 129 of the Municipal Finance Management Act;

(b) That the 2010/2011 Annual Report of Swartland Municipality be approved without reservations, in terms of section 129 of the MFMA;

(c) That the minutes of the meetings where the Annual Report was discussed, in the presence of the accounting officer (Municipal Manager) be submitted to the Auditor-General, the Provincial Treasury and the Western Cape Department for Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, as attached to the report, in terms of section 129(2) of the MFMA;

(d) That the 2010/2011 Oversight Report of Swartland Municipality be made public in terms of Section 129(3) of the MFMA and be submitted to the Western Cape Legislature in terms of Section 132(2) of the MFMA.

The Oversight Report: Managing the process and forming committees

The processes for council oversight of the IDP, budget, annual report and preparing an oversight report may be complex for many councils, in particular where resources to support the functioning of the council are limited. For example, reviewing an annual report within full council meetings may not be practicable and may restrict the effectiveness of the analysis and discussions. Thus councils need to establish appropriate mechanisms to enable all councillors and the public to fully digest and discuss the annual report contents.

Once the annual report is tabled the council effectively has two months in which to consider the report, invite public submissions and to finalise its oversight report. Given there are a number of steps and many stakeholders the review can be made more manageable if a committee process is established breaking it down into more easily managed parts.

It is recommended that councils consider the establishment of an **oversight committee** under sections 33 and 79 of the Municipal Structures Act 1998. This committee and, if needed, subcommittees could be responsible for the detailed analysis and review of the *annual report* and then drafting an *oversight report* that may be taken to full council for discussion. Such a committee may receive and review representations made by the public and also seek inputs from other councillors and council portfolio committees.

The oversight committee should be made up of only non-executive councillors and representatives of the community and can be formed each year to deal with the annual report. Municipal officials cannot be members of an oversight committee as this would pose a conflict of interest. Assistance from the municipality's Audit Committee in the review process is also recommended as a major source of independent specialist advice.

All meetings of Council and the oversight committee at which an annual report is considered must be open to the public and a reasonable time must be allowed for discussion of any written submissions received and for members of the community and organs of state to address the meetings. Representatives of the Auditor-General are entitled to attend and to speak at any meetings held to discuss the annual report. Timely notice of meetings should be given to enable representations to be made. Making representations to the oversight committee should not necessarily preclude representations by the same individuals to the full council as this promotes transparency in the process.

At the same time that the committee is analysing the report in detail, other councillors should also be conducting their own review of the report. This can include discussions with constituents, ward committees and ward representatives to encourage inputs and comments and to prepare for the full council meeting that considers the annual report and oversight report.

Questions raised with the administration by council or the committee may be taken on notice by the accounting officer and responses subsequently provided to the committee process. Ideally however, questions should be responded to immediately during the committee meetings to avoid delays. The top management team may assist the accounting officer if needed. If the executive or the accounting officer and administration are unable to respond immediately to questions raised at committee or council meetings, then the committee or council may rightfully conclude that the executive and administration have not performed satisfactorily and may not understand the report that they have tabled.

When enquiring on matters in the annual reports from municipal entities, issues of commercial confidence may arise. In such cases the council should make a judgement as to whether the information is essential to determine a conclusion on the annual report and whether it may be necessary to meet in private. Such a step must be taken with caution in order not to weaken the democratic and transparency objectives of the annual reporting process.
Municipalities should take into account all costs of the various mechanisms (oversight committee and other meetings) for reviewing the annual report and preparing an oversight report. The cost needs to be balanced against the need for transparency, good governance practice and accountability, the capacity of the municipality and the need for an effective process within the time allowed.

MFMA Circular No 32
The Oversight Report, 15 March 2006

ANNEXURE B

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 JANUARIE 2012 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh A Johnson
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Rust, N J A (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Ds M Adams van die Kalvynse Gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete, B W Geel, D B Philander en N S Zatu.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan me M Joffee en mnr V Langford as verteenwoordigers van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, asook aan die media en die tolk.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Desember en Januarie verjaar.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

Geen

5. SAKE VIR BESPREKING

5.1 RAADSLIDVERGOEDING: 2011/2012 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Die verhoging in salarisse, toelaes en voordele van raadslede is op 14 Desember 2011 in Staatskoerant Nr. 34869 afgekondig.

5.1/...

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl C H Papers, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die 5% verhoging van Raadslede se toelaes soos in Staatskoerant van 14 Desember 2011 afgekondig, terugwerkend vanaf 1 Julie 2011;

(b) Dat kennis geneem word dat die verwagte tekort ten bedrae van R129 179,00 gefinansier sal word uit besparings in die totale bedryfsbegroting vir 2011/2012;

(c) Dat voormelde goedkeuring, met inbegrip van die bewyse van bekostigbaarheid aan die betrokke LUR voorgelê word ten einde te voldoen aan die oorlegplegingsvereistes en die "affordability verification certificate" deur die munisipale bestuurder gesertifiseer word;

(d) Dat daar kennis geneem word dat 'n besluit aangaande die "voltyds-maak" van die voorsitters van die artikel 79 komitee deur die LUR afgewag word, en dat oorweging aan die toepassing van hierdie bepaling eers geneem kan word na die besluit vanaf die LUR ontvang is.

5.2 VOORLEGGING VAN JAARVERSLAG: 2010/2011 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1 MY)

'n Afskrif van die konsep jaarverslag vir die 2010/2011 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA ter tafel gelê, en sal tydens 'n spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2012 – nadat dit vir publieke vertoë geadverteer is – voorgelê word vir oorweging in terme van artikels 129 en 130 van die MFMA.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2010/2011 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2012 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die lede van die Administrasie en Finansieskomitee, uitgesluit die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, onder voorsitterskap van rdh N J A Rust aangewys word as oorsigkomitee, om – met die hulp van die eksterne ouditkomitee – 'n gedetailleerde analise en hersiening te doen van die 2010/2011 jaarverslag, om vertoë ontvang te verwerk en 'n konsep oorsigverslag op te stel vir oorweging deur die volle Raad op 29 Maart 2012;

(d) Dat die oorsigkomitee in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee, en
- 'n wykskomiteelid om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(e) Dat die oorsigkomitee op 14 Maart 2012 om 14:00 byeen sal kom om die vertoë wat op die jaarverslag ontvang word, te oorweeg;

(f) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die oorsigkomitee-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2012 by te woon;

5.2/...

(g) Dat raadslede wat nie op die oorsigkomitee dien nie, kennis neem dat in terme van Aanhangsel B dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 29 Maart 2012.

5.3 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE INLIGTING VAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011 (5/15/1/2)

Die verslag van die Ouditeur-Generaal met gepaardgaande kommentaar is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder bedank die ouditspan vir die effektiewe wyse waarop daar te werk gegaan is en vir die goeie interaksie wat tydens die oudit gehandhaaf is.

Mnr V Langford wens die munisipaliteit geluk met die skoon oudit en bedank die amptenare vir die goeie samewerking wat verleen is. Hy noem verder dat die Ouditeur-Generaal die munisipaliteit op 8 Februarie 2012 sal besoek om ‘n toekenning in hierdie verband te oorhandig.

In die Wes-Kaap kon slegs die Weskus Distriksmunisipaliteit daarin slaag om soos Swartland Munisipaliteit ‘n skoon oudit te ontvang.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring, en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat daar met trots, dankbaarheid en in nederigheid, kennis geneem word van die inhoud van die verslag van die Ouditeur-Generaal asook die kommentaar op sekere aspekte van die verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 2011;

(b) Dat die verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 goedgekeur word;

(c) Dat daar kennis geneem word van die voorgenome besoek van die Ouditeur-Generaal;

(d) Dat gelukwense teenoor die personeel uitgespreek word vir die bereiking van hierdie prestasie.

5.4 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2011/2012 FINANSIËLE JAAR (5/1/4, 5/1/1/1-10/11, 5/1/1/2-10/11)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen lê die Aansuiweringsbegroting vir die 2011/2012 finansiële jaar voor.

Die Speaker gee geleentheid vir partye om insette te lewer. Die grootste bekommernis wat deur die Uitvoerende Burgemeester en ook ander raadslede uitgespreek word, is die oorregulering van plaaslike owerhede wat ernstige gevolge meebring, onder andere verswakte dienslewering en die aanstelling van onbekwame kontrakteurs.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van vier raadslede) met vyftien raadslede ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh N J A Rust)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die veriment van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in die aangehegte skedule van kapitaalitems ten opsigte van die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2011/2012, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2011/2012 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

5.4/...

(b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en gewysigde omsendskrywes van Nasionale Tesourie (sogenaamde "Budget Reforms") en Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2011/2012 finansiële jaar nie, maar dat enige tekorte deur die onaangewende oorskotrekening gefinansier sal word in soverre daar kontant beskikbaar is in sodanige fonds;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings t.o.v. die 2010/2011 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2011. Wysigings ten opsigte van voormelde en opdaterings van nuwe versoeke asook verimente is vervat in bygaande skedules en sal deur die Direkteur: Finansiële Dienste toegelig word indien daar enige onduidelikheid in hierdie verband is;

(e) Dat die Raad kennis neem van die toepassing van waardevermindering op ontbondelde bates ten bedrae van R78 957 577 en van die bedryfstekort van R65 342 947 \ R70 245 871 wat dit op die bedryfsbegroting meebring;

(f) Dat goedkeuring verleen word om die goedgekeurde kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2011/2012 as volg te wysig:

Kapitaal:	R 96 348 657	na	R 99 610 838
Bedryfs uitgawe:	R 416 987 464	na	R 422 570 311
Bedryfs inkomste:	R 350 821 825	na	R 352 124 441
Tekort i.t.v GRAP:	-R 45 633 239	na	-R 49 091 471
Totale Inkomste Begroting	R 371 354 225	na	R 373 478 841
Bedryfstekort	-R 65 342 947	na	-R 70 245 871

(g) Dat daar met erns kennis geneem word dat die Behuisings Ontwikkelingsfonds nie likied genoeg is met die tekort wat R822 692 was en nou R1 021 912 is. By beraming sal daar moontlik net R200 000 bygedra kan word om die tekort te verminder. Soos reeds vorige jare aan die Raad uitgewys, gaan hierdie tekort in die fonds net 'n verdere las op die bedryfsbegroting van die Raad meebring en verdere druk plaas op die eiendomsbelastingstarief;

(h) 'n Verdere area van bekommernis is die gebrek aan kontant om 'n bydrae te maak aan die Kapitaalvervangings Reserwefonds. Die kontanttekort het ontstaan in die bedryfsrekening omdat die inkomstebronne nie voldoende is om die kontant bedryfuitgawes te finansier nie. Volgens die begroting sal die Raad slegs die verkope van erwe indien dit sou realiseer ten bedrae van R7 308 400 en R9 775 670 kan bydra. Die balans van die bydrae wat in die waardevermindering opgesluit lê, nl. R5 337 636 moet vir eksterne lenings geoormerk word. Die implikasie hiervan is dat die Kapitaalvervangings Reserwefonds 'n stille dood sterf en daar nie kontant in die nabye toekoms beskikbaar sal wees vir kapitaalprojekte nie en die Raad ook nie verdere eksterne lenings sal kan opneem nie.

5.5 JUNIOR STADSRAAD: VERSLAG INSAKE AKTIWITEITE (3/6)

Die aktwiteite van die Junior Stadsraad vir die kwartaal, Oktober 2011 tot Desember 2011 is met die verslag tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die Raad kennis neem van –

(a) die notule van 'n vergadering gehou op 31 Oktober 2011;
(b) die skorsing van een van die Junior Stadsraadslede;
(c) die verkiesing van nuwe Junior Stadsraadslede gedurende Februarie 2012; en
(d) die Bosberaad wat gehou sal word vanaf 21 tot 23 Maart 2012.

5.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN GEDEELTE GROND TE CHATSWORTH (12/2/5/2-2/2)

Gedurende 2007 is erf 485, Chatsworth onderverdeel in twee gedeeltes wat onderskeidelik daarna as residensiële sone en institusionele sone II gesoneer is.

Die Apostoliese Geloofsending Kerk van Chatsworth is in proses om 'n kerk op te rig op erf 1199 (groot 1 983m²) wat 'n onderverdeelde gedeelte van erf 485, Chatsworth is.

Die kerk doen nou aansoek om die aangrensende gedeelte van erf 485, naamlik erf 1200 (groot 1 586m²) van die Raad aan te koop, aangesien erf 1199 nie voorsiening maak vir voldoende op perseel parkering nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat erf 1200 (groot 1586 m²), Chatsworth uit-die-hand-uit vervreem word aan die Apostoliese Geloofsending Kerk van Chatsworth, vir konsolidasie met erf 1199, om 'n sinvolle uitbreiding van die kerk se werksaamhede vanaf erf 1199 moontlik te maak;

(b) Dat die voorgestelde vervreemding in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word;

(c) Dat kennis geneem word dat die bate nie benodig word vir die verskaffing van 'n minimum vlak van munisipale dienste nie;

(d) Dat die verkoopprys vasgestel word op R5,00 per m² plus BTW;

(e) Dat 'n terugvalklousule teen die titelakte geregistreer word wat bepaal dat sou die eiendom op enige stadium nie langer vir kerkdoeleindes aangewend word nie, dit na die munisipaliteit sal terugval;

(f) Dat skriftelike bevestiging van die koper verkry word dat hy alle oordrags- en advertensiekoste sal betaal.

5.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN GEDEELTES STRAAT, HOOIKRAAL, MOORREESBURG (12/2/B)

Die aansoek om hersonering en onderverdeling van gedeeltes grond ten einde 'n "Eco Lifestyle Estate" op te rig het op 20 Julie 2011 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien. Die aansoek is terugverwys ten einde die aksies rakende die sluiting en vervreemding van die gedeeltes strate eers af te handel.

Terraplan Stad- en Streeksbeplanners doen nou namens die eienaars van erwe 3952, 2474, 2384, 2390, 2420 en 2426, Moorreesburg aansoek om gedeeltes straat wat die gemelde eiendomme kruis, van die Raad te koop.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die ongemaakte gedeeltes van Groeneweide-, Alfa- en Sesdestraat, Moorreesburg, synde ±1,374 ha in totaal, uit-die-hand-uit aan die eienaars (B & S Trust) van die aangrensende erwe vervreem word;

(b) Dat die voorgestelde vervreemding in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word;

(c) Dat kennis geneem word dat die onderhawige bates nie benodig word vir die verskaffing van 'n minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;

(d) Dat die verkoopprys vasgestel word op R5,00 per m² plus BTW, aangesien die gedeeltes straat nie tot nut vir die munisipaliteit is nie;

5.7/...

(e) Dat die kopers skriftelik bevestig dat hulle alle kostes wat uit hierdie aangeleentheid mag voortspruit, sal betaal.

5.8 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

'n Versoek is van die kantoor van die Ouditeur-Generaal ontvang om die verklaring aan die begin van die jaar te doen.

BESLUIT

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van 'n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 8 Februarie 2012 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

ANNEXURE C

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE OORSIGKOMITEE GEHOU OP WOENSDAG, 14 MAART 2012 OM 14:00 IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE OORSIGKOMITEE	**BEAMPTES (NIE-LEDE)**
Voorsitter, rdh N J A Rust	Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Raadslede:	Dir: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Abrahams, Z	Dir: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Cloete, C M	Dir: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Geel, B W	Dir: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Humphreys, F S	Dir: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Sedeman, A C	Interne Ouditeur, mnr P le Roux

Verlof tot afwesigheid: me F Allie
mnr J M Becker
mnr C de Jager
Dir: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Strategiese Bestuurder, mnr L Fourie

Afwesig sonder verlof: rdle Y S Cox-Bruintjies en O M Stemele

1. **AANNAME VAN OORSIGVERSLAG OP 2010/2011 JAARVERSLAG (7/1/1/1 MY)**

Die komitee oorweeg die konsep Oorsigverslag wat ten opsigte van die 2010/2011 Jaarverslag in terme van artikel 129(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 opgestel en vooraf aan lede gesirkuleer is.

Kennis word geneem dat daar geen vertoë van die publiek of van enige staatsorgaan aan wie die konsep Jaarverslag vir kommentaar gesirkuleer is, ontvang is teen die sperdatum op 2 Maart 2012 nie.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die konsep Jaarverslag bespreek is op 'n vergadering van die Eksterne Ouditkomitee gehou op 19 Januarie 2012 en versoek die Interne Ouditeur, mnr P le Roux om die voorgestelde wysigings aan die oorsigkomitee voor te hou, naamlik –

- bl 28, "unaccounted-for water" = wysig na 16.03% (bl 61 van die finansiële state verwys);
- bl 39, totale personeelbegroting = wysig na R107,637,818 (bl 48 van die jaarverslag en bl 4 van die finansiële state verwys)
- bl 39, skrap tabel 4.3 (herhaling van inligting in tabel 4.2)
- bl 43 en 44 – (dui totale van kolomme aan)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat die Oorsigkomitee akkoord gaan met die wysigings soos voorgestel deur die Eksterne Ouditkomitee en derhalwe by die volle Raad op 29 Maart 2012 AANBEVEEL –

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2010/2011 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

BESLUIT/...

(b) Dat die 2010/2011 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2010/2011 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

BYWONINGSREGISTER VAN 'N OORSIGKOMITEE VAN DIE MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 14 MAART 2012 OM 14:00

	HANDTEKENING		HANDTEKENING
ABRAHAMS, M		**Gekoöpteerde lede:**	
CLOETE, C M		ALLIE, F	Verskoning aangeteken
COX-BRUINTJIES, Y S	(A)	BECKER, J M	Verskoning aangeteken
GEEL, B W		DE JAGER, C	Verskoning
HUMPHREYS, F S		RANGASAMY, M	Verskoning
RUST, N J A			
SEDEMAN, A C			
STEMELE, O M	(A)		

AMPTENARE:

	HANDTEKENING		HANDTEKENING
BOTHA, A J		LE ROUX, P	
COOPER, K C	(V)	SCHOLTZ, J J	
DU TOIT, R		STEENKAMP, J T	
FOURIE, L	(V)	TERBLANCHE, M S	
HUMPHREYS, PAC			

1. **BYWONING VAN VERGADERINGS**

`n Raadslid moet elke vergadering van die munisipale raad en van `n komitee waarvan die raadslid `n lid is bywoon, behalwe wanneer –

ANNEXURE D

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 29 MAART 2012 OM 15:00

TEENWOORDIG:

wnd Speaker, rdl M S I Goliath
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

RAADSLEDE:

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Rust, N J A (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Pastoor De Waal Esterhuizen van die SOFAR-gemeente open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Munisipale Bestuurder, in die afwesigheid van die Speaker, rdh A Johnson, versoek ingevolge die toepaslike wetgewing dat die vergadering 'n waarnemende Speaker aanwys.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

Dat rdl M S I Goliath as waarnemende Speaker vir die Gewone Raadsvergadering, sowel as die Spesiale Raadsvergadering op datum sal optree.

Rdl M S I Goliath neem die voorsitterstoel in.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C M Cloete en rdh A Johnson.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

'n Spesiale woord van verwelkoming word deur die Speaker gerig tot mede-raadslede, amptenare, lede van die publiek en die media.

3./...

Die Speaker dra haar gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat gedurende Februarie en Maart verjaar.

3.1 DRINGENDE MOSIE DEUR RDL R F VAN DER WESTHUIZEN AANGAANDE DIE INSIDENT OP 21 MAART 2012

Rdl R F van der Westhuizen verwys na artikel 44 van die Verordening vir die hou van vergaderings van die Raad van Munisipaliteit Swartland en versoek dat die mosie waarop die aandag gevestig is, onverwyld oorweeg word as ‘n kwessie van dringendheid.

Die Speaker hou die betrokke gedeeltes uit die vermelde verordening voor en versoek rdl R F van der Westhuizen om die dringendheid van die mosie te motiveer.

Na motivering van die mosie deur rdl R F van der Westhuizen, en die verduidelik dat die basis van die versoek is dat raadslede ingelig moet word ten einde die korrekte weergawe van die gebeure te verkry en sodoende die regte inligting aan die publiek weer te gee, word die mosie gesekondeer deur rdl J I van der Merwe en deur die Speaker tot stemming gebring.

Daar word **EENPARIG BESLUIT** dat die mosie verder deur die Munisipale Bestuurder toegelig moet word.

Die Munisipale Bestuurder begin sy toeligting van die insident deur aanhalings uit die Grondwet aangaande die vryheid om ‘n bedryf, beroep of professie te kies en ander aspekte uit die Stelselswet wat verder die handeldryf met ‘n munisipaliteit reguleer.

Mnr Scholtz noem dat hy nie in persoon die gebeurtenisse gade geslaan het nie, maar wel verneem het van die onwelvoeglike gedrag van mnr R le Roux wat voortgespruit het uit die SMPD se weiering dat mnr Le Roux mag parkeer op ‘n staanplek wat vir ere-gaste afgebaken was. Die Munisipale Bestuurder het mnr Le Roux in die saal raakgeloop waarop lg. hom daarop gewys het dat die SMPD opdrag gegee het om sy voertuig te laat wegsleep.

Die Munisipale Bestuurder het dadelik ondersoek gaan instel, en gesien dat die diensverskaffer wat genader is om die voertuig weg te sleep, ‘n munisipale amptenaar van die Munisipaliteit is. Die Munisipaliteit mag nie handel dryf met ‘n munisipale amptenaar nie, vandaar die aanhalings vroeër uit die toepaslike wegewings. Dit is dan ook die hoofrede waarom daar opdrag gegee is om nie mnr Le Roux se voertuig te laat wegsleep nie. Die Munisipale Bestuurder beklemtoon die feit dat dit sulke gebeurtenisse is wat verhoed dat ‘n munisipaliteit nie ‘n skoon oudit ontvang nie.

Die betrokke amptenaar het ‘n aansoek om goedkeuring van privaatwerk om ‘n insleep-diens te bedryf by die Bestuurspan ingedien, en is dit afgekeur weens botsende belange. Die amptenaar verrig bystanddiens en het ‘n voordeel bo ander diensverskaffers omrede hy in besit is van ‘n radio en dus eerstehandse inligting kry oor ongelukke.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in proses is om die verrig van privaatwerk deur die betrokke amptenaar sonder die nodige goedkeuring te ondersoek.

Die Uitvoerende Burgemeester hou ‘n gedeelte uit *Facebook-gesprekke* voor na aanleiding van die insident en spreek sy teleurstelling uit dat die voorval gebruik word om rassisme en haatspraak aan te wakker. Die uitdruk van die *Facebook-gesprekke* word amptelik by die Speaker ingehandig.

Rdl J I van der Merwe verneem of versoek is dat daar van ‘n ander insleepdiens gebruik gemaak word om mnr Le Roux se voertuig te verwyder, aangesien ‘n opdrag van ‘n SMPD-amptenaar geïgnoreer is.

Die Munisipale Bestuurder noem dat aangesien dit ‘n vakansiedag was, daar nie ‘n ander diensverskaffer genader is nie, maar dat daar wel ‘n saak teen mnr Le Roux aanhangig gemaak is met verwysing na die verontagsaming van ‘n opdrag deur ‘n SMPD-amptenaar. Die uitsprake van mnr Le Roux was van so ‘n aard dat die betrokke SMPD-amptenaar ook ‘n strafregtelike saak teen mnr Le Roux gelas het.

3.1/...

Rdl J H Cleophas versoek dat die aangeleentheid, met inbegrip van die uittreksel uit die *Facebook-gesprekke*, vir ‘n ondersoek na die Reëlskomitee verwys word ten einde te bepaal of die gedragskode vir raadslede oortree is.

Die Speaker versoek dat die aangeleentheid tot stemming gebring word, en word beslis met veertien stemme ten gunste van die ondersoek, vyf stemme daarteen en met twee raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

Dat, met voormelde as agtergrond, en die uittreksel uit die *Facebook-gesprekke* soos ingehandig deur die Uitvoerende Burgemeester, die Reëlskomitee opdrag gegee word om ‘n ondersoek in te stel teen rdl F S Humphreys ten einde te bepaal of die Gedragskode vir Raadslede ingevolge Bylae 1 van die Stelselswet oortree is, al dan nie.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 24 NOVEMBER 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou 24 November 2011 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 26 JANUARIE 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou 26 Januarie 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 9 NOVEMBER 2011 saamgelees met
NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 3 NOVEMBER 2011

5.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 16 NOVEMBER 2011

5.3 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 7 DESEMBER 2011 saamgelees met
NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 30 NOVEMBER 2011 / *MINUTES OF A MEETING OF PORTFOLIO COMMITTEES HELD ON 30 NOVEMBER 2011* .....p 43-50

5.4 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 JANUARIE 2012

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT/...

6./...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die tendertoekenningskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 NOVEMBER 2011

6.2 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 29 NOVEMBER 2011

6.3 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 DESEMBER 2011

6.4 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 31 JANUARIE 2012

6.5 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 FEBRUARIE 2012

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2010/2011 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2010/2011 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 26 Januarie 2012 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Slegs enkele wysigings soos voorgestel deur die Eksterne Ouditkomitee is teen die sluitingsdatum op 2 Maart 2012 ontvang. Die oorsigkomitee het vervolgens op 14 Maart 2012 vergader ten einde 'n Oorsigverslag saam te stel, wat met die sakelys gesirkuleer is.

BESLUIT EENPARIG
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2010/2011 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur met inagneming van die wysigings soos oorweeg deur die Oorsigkomitee op 14 Maart 2012, naamlik:

- bl 28, "unaccounted-for water" = wysig na 16.03% (bl 61 van die finansiële state verwys);
- bl 39, totale personeelbegroting = wysig na R107,637,818 (bl 48 van die jaarverslag en bl 4 van die finansiële state verwys)
- bl 39, skrap tabel 4.3 (herhaling van inligting in tabel 4.2)
- bl 43 en 44 – (dui beide totale, dwars en af van kolomme aan);

(b) Dat die 2010/2011 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2010/2011 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

8.2 KONSEP VERORDENING OP DRANKHANDELSDAE EN –URE (1/1)

Munisipaliteite het kragtens artikel 156(1)(a) gelees tesame met Deel B van Bylae 5 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die bevoegdheid om ondernemings te beheer wat drank aan die publiek verkoop.

Die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 en die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2010 is derhalwe afgekondig om voorsiening te maak vir die rol van plaaslike owerhede in die administrasie van die Wet, en om drankhandelsdae en –ure te reguleer.

'n Spesiale komitee onder voorsitterskap van rdl M van Zyl is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ingestel om die konsepverordening, met inbegrip van die kommentaar wat daarop ontvang is deur verskeie rolspelers, te finaliseer.

Die gewysigde verordening is na afloop van die konsultasieproses op 14 Maart 2012 onder item 7.3 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê en word dienooreenkomstig verslag aan die Raad gedoen.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh N J A Rust)

(a) dat die aangehegte Verordening op Drankhandelsdae en –Ure deur die Raad aanvaar word en dit in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding op datum van promulgasie;

(b) dat kennis geneem word dat uit hoofde van die oorgangsbepaling in die verordening, die handelsure eers van toepassing sal wees op gelisensieerde persele wanneer hul lisensies kragtens die Drankwet hernu word;

(c) dat stappe gedoen sal word deur die direktoraat Korporatiewe Dienste om toepaslike boetes te laat afkondig wat op oortreding van die verordening van toepassing sal wees;

(d) dat die verordening so wyd moontlik aan alle partye bekend gemaak word, asook op die webtuiste;

(e) dat, na goedkeuring van die verordening, 'n opsomming daarvan aan die wyksraadslede voorsien word om die publiek behulpsaam te wees met navrae wat daaromtrent ontvang mag word.

8.3 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN STRAATGEDEELTE VAN VOORTREKKERWEG AANGRENSEND AAN ERF 2617, MALMESBURY (12/2/R)

Die destydse Malmesbury Oorgangsraad het in Julie 1997 besluit om 'n gedeelte van Voortrekkerweg padreserwe wat grens aan erf 2617, groot 74m² aan Malmesbury Motors, eienaar van erf 2617 te vervreem.

Nadat die vervreemding nie deurgevoer is nie, het die Swartland Munisipale Raad op 24 Mei 2007 besluit dat die gedeelte grond teen 'n markwaarde van R570,00 per m², op versoek van die eienaar van erf 2617, aan hulle vervreem word.

Volgens 'n onlangse skrywe gedateer 12 Maart 2012 is erf 2617 (Malmesbury Motors) in proses van oordrag en is die nuwe eienaars begerig om die gedeelte padreserwe aan te koop. Sou eskelasie van 10% per jaar in berekening gebring word, behoort die markverwante verkoopprys nou ± R920 per m² te beloop.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die voormalige Raad se besluit van 24 Mei 2007, dat 'n gedeelte van die Voortrekkerweg padreserwe (groot 74 m²) wat grens aan erf 2617, Malmesbury aan die eienaars van erf 2617 vervreem word, bekragtig word;

(b) Dat die verkoopprys vasgestel word op R920,00 per m² plus 14% BTW;

8.3/...

(c) Dat die koper verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die prokureur se oordragkostes;

(d) Dat dit 'n voorwaarde van verkoop sal wees dat die eiendom met die koper se eiendom (erf 2617) gekonsolideer word;

(e) Dat die vervreemding in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende eiendom in die pers bekend gemaak word vir kommentaar.

GETEKEN:
WNDE SPEAKER